VAKKEUSEVOORLIGTING EN LOOPBAANADVIES

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY

100
1918 · 2018

KIES JOU TOEKOMSTIGE FAKULTEIT

03

GEESTES- EN SOSIALE WETENSKAPPE

03

KUNS EN KULTUUR

04

EKONOMIE EN SAKEBESTUUR

05

AGRIWETENSKAPPE

05

GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

06

INGENIEURSWESE EN TEGNOLOGIE

06

WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

07

REGTE

07

OPVOEDKUNDE

WELKOM BY DIE UNIVERSITEIT

VAKKEUSEVOORLIGTING EN LOOPBAANADVIES

Leerders word gekonfronteer met 'n groot verskeidenheid vak- en loopbaanopsies. Dit is beslis 'n voorreg, maar ook soms 'n uitdaging wat tot heelwat kopkrap kan lei. Universiteit Stellenbosch wil verseker dat leerders sover as moontlik ondersteun word om realistiese vak- en loopbaankeuses te maak.

Die eerste stap in die beroepsvoorligtingproses is vakkeuse in Graad 9. Leerders besef nie altyd op hierdie vroeë ouderdom dat vakkeuse 'n groot invloed op hulle toekomstige loopbaankeuse kan hê nie. Die tweede stap in die beroepsvoorligtingproses vind in Graad 11 plaas wanneer die leerder se vakkeuse belyn word met studie- en loopbaankeuses by hoëronderwysinstellings.

Waar om te begin?

Die vereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat is sewe vakke.

Vier verpligte vakke: Twee Suid-Afrikaanse tale, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid en Lewensoriëntering.
Drie keusevakke: Hierdie drie vakke moet uit die goedgekeurde vaklys van jou skool gekies word en moet na skool nuttig wees.

Hierdie boekie sal jou help om skoolvakke te kies wat by jou belangstellings pas. Hou die minimumvereistes van toekomstige beroepe in gedagte wanneer jy jou finale vakkeuse maak. Vakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe word vir sekere studierigtings benodig.

Ek het reeds my vakkeuse gemaak

Die volgende stap is om jou studie- en loopbaankeuse te identifiseer en dit met jou belangstellings in ooreenstemming te bring.

Hierdie boekie sal jou help om studierigtings en loopbane te identifiseer wat by jou pas. Maak seker dat jou skoolvakke voldoen aan dié studierigtings se vereistes. Onthou ook dat sekere beroepe nagraadse studie vereis. Indien jy onseker is oor watter program om voor aansoek te doen, kan jy altyd 'n gratis adviseursessie by die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies maak.

Universiteit Stellenbosch bied ook 'n diens vir die psigometriese assessering van jou persoonlikheid, aanleg en belangstelling aan sodat ons leerders sover as moontlik kan ondersteun om 'n ingeligte besluit oor hulle vakke en toekomstige loopbaan te maak.

Besprekings kan gemaak word by
csr@sun.ac.za / 021 808 4709

Vrywaring: Die Universiteit het die reg om die inligting in hierdie brosjure deurlopend en soos nodig aan te pas. Dié inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier so akkuraat en uitvoerig gegee as wat na ons beste wete teen druktyd. Dit bly die voornemende student se verantwoordelikheid om die gegewe inligting te bevestig. Die nuutste inligting is beskikbaar op www.maties.com en by die telefoonnommers in hierdie brosjure.

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
GEESTES- EN SOSIALE WETENSKAPPE			
Werk met mense (individue of groepe), fokus op mense se emosionele en/of geestelike behoeftes, menseregte, leer-en-onderrig van kinders en/of volwassenes, tale, lees en/of skryf	**Geen spesifieke skoolvakke word benodig nie** **Aanbevole vakke:** Geskiedenis, Geografie, Religiestudies, Addisionele Tale (afhangend van die rigting waarin jy belangstel) **Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid?** Wiskundige Geletterdheid verskaf toegang tot alle studierigtings, met die uitsondering van Politieke Wetenskap (PPE graad). Wiskunde word vereis indien jy Wiskunde, Statistiek of Ekonomie op universiteit wil neem.	Sielkunde, Taal en Kultuur, Sportwetenskap, Regte, Politieke Wetenskap, Maatskaplike Werk, Sosiologie, Antropologie, Geografie en Omgewingstudie, Internasionale Studie, Menslikehulp bronbestuur, Teologie, Sosio-Informatika	Sielkundige, taalpraktisyn, joernalis, sport wetenskaplike, maatskaplike werker, politikus, staatsamptenaar, diplomaat, navorser, onderwyser, menslikehulpbron bestuurder, pastorale voorligter, predikant, jeugwerker, entrepreneur, internet-ontwikkelaar, elektroniese besigheidspesialis
BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
KUNS EN KULTUUR			
Kuns en kunswaardering, teken, skets, ontwerp, beeldhouwerk, grafiese ontwerp, drama, kunswedstryde, kultuuraktiwiteite, klassieke musiek	**Aanbevole vakke:** Visuele Kunste, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Dansstudies, Musiek (afhangend van die rigting waarin jy belangstel) **Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid?** Wiskundige Geletterdheid verskaf toegang tot alle studierigtings. Let egter daarop dat indien jy Wiskunde as vak op universiteit wil neem, soos in die studierigting Musiek moontlik is (maar nie verpligtend is nie), word Wiskunde as Matriekvak vereis.	Drama- en Teaterstudie, Musiek, Musiektegnologie, Visuele Kunste (Skone Kunste, Grafiese Ontwerp, Juweliersware- en Metaalontwerp)	Akteur, verhoogbestuurder, kunstenaar, grafiese ontwerper, teaterkundige, onderwyser, musikant, musikoloog

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
EKONOMIE EN SAKEBESTUUR			
Syfers, wiskunde, rekeningkunde, besigheidsbestuur, entrepreneurskap, bestuur mense se emosionele behoeftes in 'n besigheid, menseregte, ekonomie, finansiële beplanning, data, bemarking	**Verpligte vak:** Wiskunde **Aanbevole vakke:** Besigheidstudies, Rekeningkunde, Ekonomie, Inligtingstegnologie (afhangend van die rigting waarin jy belanstel)	Entrepreneurskap, Rekeningkunde, Ekonomiese Wetenskappe (Ekonomie, Ekonometrie, Finansiële Sektor, Ekonomiese en Bestuurskonsultasie, Vervoerekonomie), Internasionale Besigheid, Aktuariële Wetenskap, Bedryfsielkunde, Regte (Besigheid), Beleggingsbestuur, Wiskundige Wetenskappe (Datawetenskap, Finansiële Risikobestuur, Operasionele Navorsing), Bestuurswetenskappe (Bemarkingsbestuur, Besigheidsanalitiek, Entrepreneurskap en Innovasie, Finansiële Bestuur, Informasiestelselbestuur, Landboubestuur, Logistieke Bestuur, Menslikehulpbronbestuur), Rekenaarwetenskap, Finansiële Beplanning, Landbou-ekonomie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Volhoubare Ontwikkeling	Geoktrooieerde rekenmeester, geoktrooieerde bestuursrekenmeester, geoktrooieerde gesertifiseerde rekenmeester, aktuaris, ekonoom, entrepreneur, finansiële bestuurder, bemarkingsbestuurder, logistiekbestuurder, menslikehulpbron bestuurder, rekenaar- of datakundige, geoktrooieerde finansiële ontleder, gesertifiseerde finansiële beplanner (CFP), finansiëlerisikobestuurder, bedryfsielkundige, onderwyser, landbou-ekonoom, ontwikkelingsbestuurder, bestuurskonsultant

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
AGRIWETENSKAPPE			
Plante, diere, omgewing, lewenswetenskappe, fisiese wetenskappe, werk in die natuur, boerdery, natuurbewaring, landbou, agribesigheid	**Verpligte vakke:** Wiskunde, Fisiese Wetenskappe **Aanbevole vakke:** Landbou bestuurspraktyke, Landbou wetenskappe, Landboutegnologie, Lewenswetenskappe	Landbou-ekonomie, Diereproduksiestelsels, Bewaringsekologie, Voedselwetenskap, Bosbou en Houtwetenskappe, Wingerd- en Wynkunde, Plant- en Grondwetenskappe, Landbouproduksie	Bosboubestuurder, voedselwetenskaplike, bewaringsekoloog, houtwetenskaplike, spesialis in waterbestuur, dierewetenskaplike, landbou-ekonoom, wynmaker, kelderbestuurder, agronoom, konsultant, onderwyser, loopbane in dier- en gewasproduksie, boerdery en agritoerisme

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE			
Werk met kinders en/of volwassenes se fisiese behoeftes, medies, menslike liggaam, verpleging, navorsing, voeding, sport	**Verpligte vakke:** Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en/of Lewenswetenskappe (afhangend van die program wat jy kies se vereistes)	Geneeskunde, Dieetkunde, Verpleeg- en Verloskunde, Arbeidsterapie, Fisioterapie, Spraak-Taal- en Gehoorterapie	Mediese dokter, chirurg, verpleegster, matrone, arbeidsterapeut, fisioterapeut, spraak-taal- en gehoorterapeut, mediese navorser, spesialis (met nagraadse studie)

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
INGENIEURSWESE EN TEGNOLOGIE			
Praktiese werk, bou, ontwerp, data, 4de industriële revolusie, konstruksie, rekenaars, tegnologie, wetenskap, chemie en fisika, syfers	**Verpligte vakke:** Wiskunde, Fisiese Wetenskappe **Aanbevole vakke:** Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Inligtingstegnologie, Rekenaartoepassingstegnologie (afhangend van die rigting waarin jy belangstel)	Siviele Ingenieurswese, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Bedryfsingenieurswese, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Chemiese Ingenieurswese, Datawetenskap en Rekenaardenke	Siviele ingenieur, elektriese ingenieur, elektroniese ingenieur, bedryfsingenieur, meganiese ingenieur, megatroniese ingenieur, chemiese ingenieur, datawetenskaplike, biomediese ingenieur en lugvaartingenieur

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
WETENSKAP EN TEGNOLOGIE			
Chemie, fisika, geologie, sport, navorsing, omgewing, biologie, lewenswetenskappe, wiskunde, syfers, data, rekenaars	**Verpligte Vakke:** Wiskunde, Fisiese Wetenskappe **Aanbevole vakke:** Lewenswetenskappe, Inligtingstegnologie, Rekenaartoepassings tegnologie (afhangend van die rigting waarin jy belangstel)	Biodiversiteit en Ekologie, Menslike Lewenswetenskappe, Molekulêre Biologie en Biotegnologie, Rekenaarwetenskap, Sportwetenskap, Wiskundige Wetenskappe (Abstrakte Wiskunde, Biowiskunde, Finansiële Wiskunde, Operasionele Navorsing, Geografiese Inligtingstegnologie, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek), Chemie, Fisika, Aardwetenskap, GeoInformatika, Datawetenskap, Biomediese Wiskundige Wetenskappe, Toegepaste Medisinale Chemie, Bioinformatika en Berekeningsbiologie	Ekoloog, fisioloog, chemikus, biochemikus, genetikus, mikrobioloog, biokinetikus, sportwetenskaplike, sielkundige, fisikus, geoloog, rekenaar wetenskaplike, biowiskundige, epidemioloog, wiskundige statistikus, onderwyser, geografiese-inligtingspesialis, datawetenskaplike, programmeerder

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
REGTE			
Beskerming van menseregte, argumenteer in die hof, lees en skryf van belangrike dokumente, regsadvies aan individue of besighede, oordrag van eiendomme, opstel van kontrakte	**Geen spesifieke skoolvakke word benodig vir BA (Regte) of LLB nie** (behalwe as jy statistiek as vak wil neem, dan is Wiskunde 'n vereiste). Wiskunde word vereis indien jy **BCom (Regte)** of **BRekLLB** wil studeer.	Regsgeleerdheid	Prokureur, advokaat, regsadviseur, magistraat, regter, aktevervaardiger, notaris

BELANGSTELLINGS	SKOOLVAKKE	STUDIERIGTINGS AAN DIE UNIVERSITEIT	LOOPBAAN GELEENTHEDE
OPVOEDKUNDE			
Werk met kinders, leer en onderrig Graad R-7-leerders	**Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid?** Beide Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid verskaf toegang tot alle studierigtings. Let egter daarop dat sekere onderrigmodules wel seker vakke kan vereis. **Aanbevole vakke vir onderrigmodules (Intermediêrefaseonderrig):** Natuurwetenskappe (Ond): - Lewenswetenskappe of Fisiese Wetenskappe Sosiale Wetenskappe (Ond): - Geskiedenis of Geografie	Grondslagfase onderrig, Intermediêre faseonderrig	Onderwyser